basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: INSLUITING EN WAAGMANSKAP: DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE ONTPLOOIING VAN SOWJETMISSIELE IN KUBA KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE VERHOOG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Gebruik Bron 1A.

1.1.1 Haal TWEE maniere uit die bron aan wat die Amerikaanse regering gebruik het om van Fidel Castro en sy ondersteuners ontslae te raak. (2 x 1) (2)

1.1.2 Waarom, volgens die inligting in die bron, het Castro bystand van die Sowjetunie verlang? (1 x 2) (2)

1.1.3 In die konteks van die Sowjetunie se bystand aan Kuba, verduidelik wat Khrushchev met dié stelling: 'maar uiteindelik het Fidel met my saamgestem' geïmpliseer het. (2 x 2) (4)

1.1.4 Lewer kommentaar op waarom jy dink Castro vir Khrushchev gevra het om 'alles openbaar te maak' ten opsigte van die aflewering van missiele in Kuba. (2 x 2) (4)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Watter boodskappe dra die lugfoto oor? Gebruik die visuele leidrade in die foto om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.2.2 Verduidelik tot watter mate 'n historikus die inligting in hierdie bron bruikbaar sou vind in navorsing oor die ontplooiing van missiele in Kuba. (2 x 2) (4)

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Volgens Kennedy, wie het hy verdedig nadat missielterreine in Kuba ontdek is? (2 x 1) (2)

1.3.2 Verduidelik die konsep *blokkade* in die konteks van die ontplooiing van missiele in Kuba. (1 x 2) (2)

1.3.3 Noem enige TWEE stappe wat Kennedy beweer het hy sou doen na die ontdekking van Sowjetmissiele in Kuba. (2 x 1) (2)

1.3.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom Kennedy besluit het om op 22 Oktober 1962 die Amerikaanse publiek toe te spreek. (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1B die inligting in Bron 1C ten opsigte van die ontplooiing van Sowjetmissiele in Kuba ondersteun. (2 x 2) (4)

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 Wat, volgens die bron, was die Sowjetunie se bedoeling met sy hulp aan Kuba? (2 x 1) (2)

1.5.2 Verduidelik waarom jy dink Khrushchev besluit het om missiele in Kuba te ontplooi. (2 x 2) (4)

1.5.3 Identifiseer enige TWEE beloftes in die bron wat die Sowjetregering ten opsigte van Turkye gemaak het. (2 x 1) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die ontplooiing van Sowjetmissiele in Kuba Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie verhoog het. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM HET KUBA IN 1975 BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Verduidelik die konsep *koalisieregering* in die konteks van die 1975 Alvor Ooreenkoms. (1 x 2) (2)

2.1.2 Watter bewyse in die bron dui daarop dat die Alvor Ooreenkoms sterk ondersteuning vanaf ander Afrikalande gehad het? (1 x 2) (2)

2.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Angolese Burgeroorlog ' 'n verlenging van die Koue Oorlog' geword het. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Wat, volgens Agostinho Neto, het die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA) gemotiveer om bystand van Kuba te versoek? (1 x 2) (2)

2.2.2 Noem TWEE vorme van bystand wat die MPLA by die Kubaanse regering versoek het. (2 x 1) (2)

2.2.3 Volgens die inligting in die bron, watter tipe politieke ideologie het Kuba na 1959 aangeneem? (1 x 2) (2)

2.2.4 Lewer kommentaar op waarom jy die inligting in hierdie bron as bruikbaar sou beskou wanneer Kuba se betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog nagevors word. (2 x 2) (4)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Haal TWEE items uit die bron aan wat Kuba op 5 November 1975 aan die MPLA gestuur het. (2 x 1) (2)

2.3.2 Waarom, volgens Fidel Castro, het die MPLA Kuba se bystand versoek? (1 x 2) (2)

2.3.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe Castro sy verhouding met die Sowjetunie en die MPLA beskou het. (2 x 2) (4)

2.3.4 Lewer kommentaar op waarom jy dink Castro 'n negatiewe opinie van President Ford en Kissinger oor Kuba se rol in Angola gehad het. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Watter boodskappe dra die spotprent oor? Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.4.2 Lewer kommentaar op die betekenis van die hamer en sekel in die bron. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C verskil van die bewyse in Bron 2D ten opsigte van die rol wat die Sowjetunie en Kuba in Angola gespeel het. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik waarom Kuba in 1975 by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE SWARTMAGBEWEGING IN DIE 1960's SWART AMERIKANERS GEMOBILISEER?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Definieer die konsep *Swart Mag* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Waarom, volgens die bron, het Stokely Carmichael die ideologie van Swart Mag bevorder? (2 x 1) (2)

3.1.3 Gee TWEE bewyse in die bron wat aandui dat die Swartmagbeweging krities oor die Burgerregtebeweging was. (2 x 1) (2)

3.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Swartmagbeweging in die 1960's die integrasie van die Amerikaanse samelewing verwerp het. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die inligting in die bron, was die DRIE uitdagings wat swart Amerikaners in die gesig gestaar het? (3 x 1) (3)

3.2.2 Lewer kommentaar op waarom jy dink Malcolm X die regering van die Verenigde State gekritiseer het. (2 x 2) (4)

3.2.3 Waarom, dink jy, is selfhelpprogramme in die 1960's onder swart Amerikaners bevorder? (2 x 2) (4)

3.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom 'n historikus hierdie bron bruikbaar sou vind wanneer die Swartmagbeweging nagevors word. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Watter boodskappe word in hierdie foto oorgedra? Gebruik die visuele leidrade in die foto om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.3.2 Lewer kommentaar op die rol wat jy dink die *Black Panther*-koerant in die swart Amerikaanse gemeenskap gespeel het. (2 x 2) (4)

3.4 Verwys na Bron 3A en 3C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3A die inligting in Bron 3C ondersteun oor die invloed wat die Swartmagfilosofie op die swart Amerikaanse gemeenskappe gehad het. (2 x 2) (4)

3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Hoe, volgens die bron, het federale agente die Black Panther-party onderdruk? (1 x 2) (2)

3.5.2 Lewer kommentaar op waarom dit vir die 'FBI' (Federale Speurdiens) nodig was om die Black Panther-party van gematigde swart en wit Amerikaanse gemeenskappe te isoleer. (1 x 2) (2)

3.5.3 Identifiseer EEN metode wat die 'FBI' gebruik het om verdeeldheid onder lede van die Black Panther-party te bewerkstellig. (1 x 1) (1)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Swartmagbeweging in die 1960's swart Amerikaners gemobiliseer het. (8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

Die implementering van Mao Zedong se beleidsrigtings, die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Rewolusie, was 'n klaaglike mislukking.

Stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik relevante bewyse van 1958 tot 1969 om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

Bespreek krities hoe Mobutu Sese Seko (die Kongo) en Julius Nyerere (Tanzanië) na die verkryging van onafhanklikheid in die 1960's ekonomiese, maatskaplike en kulturele ontwikkelinge in hulle onderskeie lande bevorder het.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die verskillende vorme van protes deur die burgerregte-aktiviste suksesvol was om te verseker dat alle Amerikaners, ongeag ras, in die Verenigde State van Amerika in die 1960's gelyk behandel is.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2017

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 1: HOE HET DIE ONTPLOOIING VAN SOWJETMISSIELE IN KUBA KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE VERHOOG?**

**BRON 1A**

Die bron hieronder skets Fidel Castro se onderhandelings met Nikita Khrushchev oor die ontplooiing van missiele in Kuba.

Castro se Kuba was teen 1962 goed gevestig as 'n vyand van die Verenigde State. Die Eisenhower-regering het twee jaar vantevore lede van die Mafia gehuur om Castro te vermoor en het begin om anti-Castro Kubaanse uitgewekenes op te lei om hulle tuisland binne te val. Die Kennedy-regering het die projek geërf wat tot die Bay of Pigs gelei het. Na hierdie veragtelike [slegte] aangeleentheid het die Kennedy-regering 'n veldtog van teistering en sabotasie [van Castro en sy ondersteuners] deur die Amerikaanse Intelligensiediens ('CIA') finansieel ondersteun.

Castro, weereens nie onredelik nie, het hom tot die Sowjetunie gewend as Kuba se beskermer. Hy het gehoop dat hy Amerikaanse aggressie deur 'n proklamasie of 'n alliansie of konvensionele Sowjet militêre bystand kon afweer [ontmoedig]. Hy het nie kernmissiele versoek nie en wou dit ook nie gehad het nie. Dit was Khrushchev se idee. 'Toe Castro en ek oor die probleem gepraat het,' het Khrushchev in sy memoires onthou, 'het ons geargumenteer en geargumenteer. Ons argument was baie driftig, maar uiteindelik het Fidel met my saamgestem.'

Castro het teësinnig kernmissiele aanvaar, soos hy later gesê het: 'nie om ons eie verdediging te verseker nie, maar veral om sosialisme op internasionale vlak te versterk'. Hy het toe vir Khrushchev gevra om alles openbaar te maak wanneer hy die missiele aflewer. 'Waarom dit in die geheim doen asof ons geen reg gehad het om dit te doen nie?'


Die Sowjetunie het per slot van rekening volgens internasionale wetgewing alle reg gehad om die missiele te stuur en Kuba het alle reg gehad om dit te ontvang. 'Ek het Nikita gewaarsku dat geheimhouding die imperialiste sou bevoordeel.'

Gelukkig vir die imperialiste het Khrushchev nie Castro se raad gevolg nie. As hy dit gedoen het, sou dit baie moeiliker gewees het om die missiele te verwyder. Khrushchev se geheimhouding het Kennedy se planne bevorder.

[Uit *Thirteen Days: A Memoir of the Cuban Missile Crisis* deur RF Kennedy]

## BRON 1B

Hierdie lugfoto is op 14 Oktober 1962 deur Majoor Heyser uit 'n Amerikaanse U-2-spioenasievliegtuig geneem. Die byskrifte op die foto hieronder is deur die Amerikaanse intelligensiediens ('CIA') bygevoeg.




[Uit http://cdn.history.com/sites/2/2015/07/hith-cuban-misile-crii.jpg. Toegang op 6 Maart 2017 verkry.]

**BRON 1C**

Die bron hieronder is 'n geskrewe kopie van 'n televisie-toespraak wat President Kennedy op 22 Oktober 1962 aan die Amerikaanse nasie gelewer het. Dit skets in breë trekke die stappe wat Kennedy van plan was om teen die ontplooiing van Sowjetmissiele in Kuba te doen.

Ter verdediging van ons eie veiligheid en dié van die hele Westelike Halfrond het ek opdrag gegee dat die volgende inleidende stappe onmiddellik gedoen moet word:

Eerstens: Om hierdie offensiewe [aanvals-] versterking te stop, word streng kwarantyn [blokkade] geplaas op alle offensiewe militêre toerusting wat na Kuba verskeep word. Alle skepe van enige soort, wat na Kuba onderweg is, van watter nasie of hawe ook al, sal teruggestuur word indien daar aanvalswapens in hulle vrag gevind word …

Tweedens: Ek het opdrag gegee dat Kuba en sy militêre versterking ononderbroke en noulettend dopgehou moet word … Ek het opdrag gegee dat die Gewapende Magte [Weermag] vir enige gebeurlikhede [moontlikhede] moet voorberei …

Derdens: Dit sal die beleid van hierdie nasie wees om enige kernmissiel wat vanaf Kuba teen enige nasie in die Westelike Halfrond gelanseer word, as 'n aanval deur die Sowjetunie op die Verenigde State te beskou, wat 'n volskaalse vergeldingsaanval op die Sowjetunie sal vereis ...

Sesdens: … Ons resolusie sal aandring op die onmiddellike afbreek en onttrekking van alle aanvalswapens in Kuba, onder toesig van waarnemers van die Verenigde Nasies, voordat die kwarantyn opgehef kan word.

Sewende en laastens: Ek doen 'n beroep op Voorsitter Khrushchev om hierdie ongeoorloofde [geheime], roekelose en uittartende bedreiging vir wêreldvrede te stop en om die verhouding tussen ons twee nasies te stabiliseer. Ek doen 'n verdere beroep op hom om afstand te doen van hierdie weg na wêreldoorheersing … en om hierdie wapens uit Kuba te onttrek en hom daarvan te weerhou om iets te doen wat die huidige krisis sal verdiep en dan aan 'n soeke na vreedsame en permanente oplossings deel te neem.

[Uit *Thirteen Days: A Memoir of the Cuban Missile Crisis* deur RF Kennedy]

**BRON 1D**

Die bron hieronder is 'n gedeelte van 'n brief wat Nikita Khrushchev (Sowjetpresident) op 26 Oktober 1962 aan John F Kennedy (Amerikaanse President) gestuur het. Khrushchev het beweer dat hy bereid was om missiele uit Kuba te onttrek op voorwaarde dat die Verenigde State van Amerika die blokkade van Sowjetmissiele na Kuba sou stop.

… Julle is bekommerd omdat ons Kuba bystaan met wapens wat ontwerp is om hulle verdedigingspotensiaal te versterk, want Kuba, maak nie saak watter wapens hulle gehad het nie, kon nie met julle vergelyk word nie …

Ons voorneme was en is om Kuba te help, en niemand kan die menslikheid van ons motiewe betwis wat daarop gemik is om Kuba in staat te stel om vreedsaam te leef en volgens sy mense se wense te ontwikkel nie. Julle wil julle land van gevaar bevry en dit is verstaanbaar.

Julle is bekommerd oor Kuba. Julle sê dat dit julle bekommer omdat dit 'n afstand van negentig myl regoor die see vanaf die kus van die Verenigde State geleë is. Turkye lê egter langs ons. Ons wagte loop op en af en hou mekaar dop. Glo julle dat julle die reg het om veiligheid vir julle land en die verwydering van wapens wat julle as aanvallend beskou, te eis, terwyl julle nie hierdie reg vir ons erken nie? Julle het vernietigende vuurpylwapens, wat julle aanvallend noem, in Turkye reg langs ons geplaas …

Dit is waarom ek hierdie voorstel maak: Ons stem in om die wapens wat julle as aanvalswapens beskou, uit Kuba te verwyder. Ons stem in om dit te doen en om hierdie verbintenis in die Verenigde Nasies te verklaar … Die Verenigde State sal, op hulle beurt, met inagneming van die angs en bekommernis van die Sowjetstaat, soortgelyke [eenderse] wapens uit Turkye ontruim.

… die Sowjetregering lê plegtig 'n eed af om die integriteit van die grense en die soewereiniteit van Turkye te respekteer, nie by hulle huishoudelike sake in te meng nie, nie Turkye binne te val of om hulle grondgebied as 'n *place d'armes* [militêre basis] vir so 'n inval beskikbaar te stel nie, en ook om diegene wat daaraan dink om aggressie vanuit Sowjetgrondgebied teen Turkye te rig, daarvan te weerhou …

[Uit *Chambers Book Of Great Speeches* deur A Burnet]

**VRAAG 2: WAAROM HET KUBA IN 1975 BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

**BRON 2A**

Die bron hieronder beklemtoon hoe verskillende Angolese vryheidsbewegings deur buitelandse magte bygestaan is na die mislukking van die Alvor Ooreenkoms.

… Die Portugese regering het met die Alvor Ooreenkoms in Januarie 1975 probeer om Angola met onafhanklikheid by te staan. ... 'n koalisieregering deur leidende politieke rolspelers het die verantwoordelikheid gekry om Angola vanaf 31 Januarie 1975 tot onafhanklikheidswording op 11 November 1975 te regeer.

Beide die Alvor Ooreenkoms en die koalisieregering is sterk ondersteun, veral deur ander Afrikastate deur die OAE (Organisasie vir Afrika-eenheid), maar sonder resultate. Hewige gevegte het in Julie 1975 onder die drie voormalige vryheidsbewegings (MPLA, FNLA en UNITA) uitgebreek, en die koalisieregering het ineengestort …

Soos die konflik toegeneem het, het elke beweging hom tot sy ou bondgenote tydens die onafhanklikheidstryd gewend vir krygstuig en personeel. Buitelandse magte het gedurende die oorgangsperiode toenemend by die situasie in Angola betrokke geraak, en dit het vinnig uitgebrei tot 'n Oos-Wes-magstryd en 'n verlenging van die Koue Oorlog …

Die vraag oor 'wie eerste was' is die onderwerp van baie debatvoering. Dit is duidelik dat Kuba sedert die vroeë 1960's in Angola betrokke was deur hulle ondersteuning van die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA), en dat die Sowjetunie ook die MPLA ondersteun het.

[Uit *Angola, Struggle for Peace and Reconstruction* deur I Tvedten]

**BRON 2B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n brief gedateer 26 Januarie 1975. Dit is deur die leier van die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA), Agostinho Neto, geskryf terwyl hy Dar es Salaam besoek het. Dit is aan die Kubaanse regering gestuur om militêre bystand te vra.

Dar es Salaam, 26 Januarie 1975

Beste Kamerade

Gegewe die situasie van ons beweging en ons land op die grond, en met inagneming van die uitslae van die ondersoekende reis van die amptelike Kubaanse afvaardiging, stuur ons vir julle 'n lys van die dringende behoeftes van ons organisasie. Ons vertrou dat julle dit onmiddellik sal oorweeg.

1. Die stigting, organisering en instandhouding van 'n militêre skool vir kaders. Ons moet dringend 'n groep veiligheidspersoneel skep, en ons moet die lede van ons militêre personeel voorberei.

2. Ons moet 'n skip huur om die oorlogsmateriaal wat ons in Dar es Salaam het, na Angola te vervoer. Die aflewering in Angola, as dit 'n Kubaanse skip sou wees, kan buite die territoriale waters plaasvind.

3. Wapens en vervoermiddels

Ons doen ook 'n beroep op die Kommunisteparty van Kuba ('Communist Party of Cuba') om hulle invloed by ander lande wat hulle vriende en bondgenote is, te gebruik, veral uit die Sosialistiese kamp, sodat hulle bruikbare en tydige hulp aan ons beweging kan bied, wat die enigste waarborg vir 'n demokratiese en progressiewe Angola in die toekoms is.

Kamerade, aanvaar ons rewolusionêre groete en dra die goeie wense van die MPLA-vegters en van die nuwe Angola aan Premier Fidel Castro oor.

[Uit http://www.cnn.com/SPECIALS/cold.war/episodes/17/documents/angola/.
Toegang op 30 Oktober 2016 verkry.]

**BRON 2C**

Hieronder is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat op 19 April 1976 in Havana deur die Kubaanse Premier, Fidel Castro, gelewer is. Hy skets in breë trekke die redes vir Kuba se bystand aan die MPLA.

Ons partyleiers het op 5 November 1975, op versoek van die MPLA, besluit om met groot dringendheid 'n bataljon [afdeling] gewone troepe en anti-tenkwapens te stuur om die Angolese patriotte te help om die inval van die Suid-Afrikaanse rassiste te weerstaan. Dit was die eerste Kubaanse troep-eenheid wat na Angola gestuur is …

Slegs Kuba dra die verantwoordelikheid vir die neem van daardie besluit. Die USSR het nog altyd die mense van die Portugese kolonies met hulle onafhanklikheidstryd gehelp, basiese militêre toerusting aan die beleërde [omsingelde] Angola verskaf en met ons saamgewerk toe imperialisme byna al ons lugroetes na Afrika afgesny het. Maar hulle het nooit gevra dat een enkele Kubaan na daardie land gestuur moes word nie. Die USSR is buitengewoon eerbiedig en versigtig in sy verhoudinge met Kuba. 'n Besluit van daardie aard kon slegs deur ons eie party geneem word.

Ford en Kissinger lieg vir die mense van die Verenigde State en vir die wêreld se openbare mening as hulle probeer om die verantwoordelikheid van Kuba se optrede in solidariteit met Angola op die Sowjetunie te plaas.

[Uit *Fidel Castro Speeches: Cuba's International Foreign Policy 1975–1980* deur F Castro]

**BRON 2D**

Die Amerikaanse spotprent hieronder beeld die Sowjetunie en Kuba se betrokkenheid by Angola na 1975 uit.

**EEN SLEGTE WENDING NA DIE ANDER**




[Uit http://cartoonmuseum.eu/en/cartoons/ussr-cuba-angola/.
Toegang op 8 November 2016 verkry.]

**Leonid Brezhnev, leier van die Sowjetunie**

**Fidel Castro, leier van Kuba**

**ANGOLA**

## VRAAG 3: HOE HET DIE SWARTMAGBEWEGING IN DIE 1960's SWART AMERIKANERS GEMOBILISEER?

### BRON 3A

Die uittreksel hieronder skets in breë trekke Stokely Carmichael se verduideliking oor die filosofie van Swart Mag.

Die konsep van Swart Mag … is 'n beroep op swart mense in hierdie land om te verenig, om hul erfenis te erken, om 'n sin vir gemeenskap te bou. Dit is 'n beroep op swart mense om te begin om hul eie doelwitte te definieer, om hul eie organisasies te lei en om daardie organisasies te ondersteun …

Swart Mag doen dus 'n beroep op swart mense om te konsolideer [verenig] sodat hulle uit 'n magsposisie kan onderhandel ... Die uiteindelike waardes en doelwitte is nie oorheersing of uitbuiting van ander groepe nie, maar eerder om die totale mag van die samelewing effektief te deel …

Een van die tragedies van die stryd teen rassisme is dat daar tot nou toe geen nasionale organisasie is wat kan spreek tot die groeiende strydlustigheid van jong swart mense in stedelike ghetto's en die Swartgordel-Suide (areas in die suide van Amerika wat oorwegend deur swart Amerikaners bewoon is) nie. Daar was slegs 'n 'burgerregte'-beweging wie se stemtoon by 'n gehoor van middelklas wit mense aangepas is. Dit het as 'n soort buffersone gedien tussen daardie gehoor en kwaai jong swart mense. Dit het daarop aanspraak gemaak dat dit tot die behoeftes van 'n gemeenskap gespreek het, maar dit het nie in die stemtoon van daardie gemeenskap gepraat nie. Geeneen van hulle sogenaamde leiers kon in 'n oproerige gemeenskap ingaan en na geluister word nie.

'Integrasie' as 'n hedendaagse doelwit spreek tot die probleem van swartheid, nie net op 'n onrealistiese wyse nie, maar ook op 'n veragtelike [skandelike] wyse. Dit is gebaseer op die algehele aanvaarding van die feit dat om 'n ordentlike huis of opvoeding te hê, swart mense na 'n wit woonbuurt moet trek of hulle kinders na 'n wit skool moet stuur. Dit versterk die gedagte onder beide swart en wit mense dat 'wit' outomaties meerderwaardig is en dat 'swart' per definisie minderwaardig is. Om hierdie rede is 'integrasie' 'n skelmstreek [strategie] vir die behoud van wit oppergesag.

[Uit *Black Power – The Politics of Liberation* deur K Ture en CV Hamilton]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 3B**

Hieronder is 'n uittreksel uit Malcolm X se toespraak 'The Ballot or the Bullet' [Die Stem of die Koeël] wat hy op 12 April 1964 in Detroit gelewer het. Dit skets in breë trekke die behoefte dat swart Amerikaners wapens moet opneem om vir hulle vryheid te veg.

… Ons is almal in dieselfde sakkie, in dieselfde bootjie. Ons gaan gebuk onder politieke onderdrukking, ekonomiese uitbuiting en sosiale vernedering, alles van dieselfde vyand.

Die regering het ons gefaal; julle kan dit nie ontken nie. Enige tyd wat julle in die twintigste eeu, 1964, leef en julle loop rond en sing 'We Shall Overcome' ['Ons sal Oorwin'], het die regering ons gefaal. Dit is deels wat met julle verkeerd is, julle sing te veel. Vandag is dit tyd om op te hou sing en te begin vuiste swaai [baklei]. Julle kan nie vir vryheid sing nie, maar julle kan vir 'n bietjie vryheid vuiste swaai. Cassius Clay [Muhammad Ali] kan sing, maar sing het hom nie gehelp om die swaargewigkampioen van die wêreld te word nie; vuiste swaai het hom gehelp om die swaargewigkampioen te word.

Hierdie regering het ons gefaal, die regering self het ons gefaal en die wit liberales wat hulle as ons vriende voorgedoen het, het ons gefaal. En sodra ons sien dat al hierdie bronne waarna ons ons gewend het, gefaal het, hou ons op om ons na hulle te wend en wend ons ons na onsself. Ons het 'n selfhelpprogram nodig, 'n selfdoenfilosofie [denke], 'n doen-dit-nou-filosofie, 'n dit-is-reeds-te-laat-filosofie. Dit is wat ek en jy nodig het, en die enigste manier om ons probleem op te los, is met 'n selfhelpprogram. Voordat ons met 'n selfhelpprogram kan begin, moet ons 'n selfbeginfilosofie hê.

[Uit https://americaradioworks.publicradio.org. Toegang op 18 November 2016 verkry.]

**BRON 3C**

Die foto hieronder toon twee swart Amerikaanse vrouens wat kospakkies by die Black Panther-party ontvang het.




[Uit https://s-media-cache-ak0.pinimg.com/236x/17/d6/84/17d684cef3691bcba2674fcb6dc68250.jpg. Toegang op 18 November 2016 verkry.]

**BRON 3D**

Die bron hieronder verduidelik hoe die Amerikaanse federale agente probeer het om die Black Panther-party te destabiliseer.

Met die aanval op die Black Panthers as vyande van die staat het federale agente probeer om nie slegs die party as 'n organisasie te onderdruk [beperk] nie, maar die politieke moontlikheid wat dit verteenwoordig het. Die Federale Speurdiens ('FBI') se Teenintelligensieprogram (COINTELPRO) het probeer om die Black Panthers te beswadder [slegmaak] en te 'verhinder dat [die Party en soortgelyke] Swart Nasionalistiese groepe en leiers agting afdwing deur hulle te diskrediteer'.

FBI-direkteur, J Edgar Hoover, het keer op keer op verskillende maniere beklemtoon dat 'een van ons primêre doelwitte in teenintelligensie, wat die BPP (Black Panther-party) betref, is om hierdie groep te isoleer van die gematigde swart en wit gemeenskap wat hulle kan ondersteun'. Federale agente het probeer om 'partykonflik [verdeeldheid] te skep' onder Partyleiers en tussen die Panthers en ander swart politieke organisasies.

FBI-agente het dokumente vervals en lokvinke [mense wat betaal is om onstabiliteit in die Black Panther-party te skep] betaal om gewelddadige konflik onder Black Panther-leiers asook tussen die Party en ander swart nasionalistiese organisasies te bevorder en het hulself gelukgewens wanneer hierdie konflikte tot die dood van lede van die Panthers gelei het. En COINTELPRO het probeer om die Party in onverdedigbare optrede te lei, 'om opposisie teen die BPP by die meerderheid van die inwoners van die ghetto-gebiede te skep'. Hulle het byvoorbeeld op die staat se betaallys plofstof aan Black Panther-lede verskaf en gepoog om hulle aan te moedig om openbare geboue op te blaas en hulle het boendoehowe bevorder deur Panther-lede aan te moedig om verdagte informante te martel.

[Uit http://inthesetimes.com/article/15949/how_the_fbi_conspired_to_destroy_the_black_panther_party. Toegang op 22 Februarie 2017 verkry.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Burnet, A (ed.). 2013. *Chambers Book of Great Speeches* (Chambers Harrap)

Castro, F. 1981. *Fidel Castro Speeches: Cuba's International Foreign Policy 1975–1980* (Pathfinder)

http://cartoonmuseum.eu/en/cartoons/ussr-cuba-angola/

http://cdn.history.com/sites/2/2015/07/hith-cuban-missile-crii.jpg

http://inthesetimes.com/article/15949/how_the_fbi_conspired_to_destroy_the_black_panther party

http://www.cnn.com/SPECIALS/cold.war/episodes/17/documents/angola/

https://americaradioworks.publicradio.org

https://s-media-cache-ak0.pinimg.com/236x/17/d6/84/17d684cef3691bcba2674fcb6dc68250.jpg]

Kennedy, RF. 1971. *Thirteen Days – A Memoir of the Cuban Missile* (WW Norton & Company)

Ture, K en Hamilton, CV. 1967. *Black Power – The Politics of Liberation* (Vintage)

Tvedten, I. 1997. *Angola. Struggle for Peace and Reconstruction* (Westview Press)

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V1**

**NOVEMBER 2017**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.

- Maak regmerkies (✓), wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

  ______________●_____________________●________________________
  _____________________●__________________________

  ✓✓✓✓✓
  Vlak 2

  Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.
2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.
2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte, slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br><br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

* **Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET DIE ONTPLOOIING VAN SOWJETMISSIELE IN KUBA KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE VERHOOG?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Twee jaar gelede het die Eisenhower regering lede van die Mafia gehuur om Castro dood te maak in 'n sluipmoord
- Die VSA het begin om anti-Castro Kubaanse uitgewekenes op te lei om Kuba/ hulle tuisland in te val
- Die Kennedy regering het die projek oorgeëerf wat gely het tot die Bay of Pigs
- Die Kennedy regering het 'n CIA kampanje (veldtog) van teistering en sabotasie geborg (enige 2 x 1) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- As Kuba se beskermer (om Kuba te beskerm)
- Om Amerikaanse aggressie af te weer/CIA kampanje (veldtog) van teistering en sabotasie (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

- Castro was aanvanklik gekant teen Sowjet missiel-installering in Kuba
- Khrushchev het Castro oortuig van waarom dit nodig was om missiele te ontplooi na Kuba
- Castro het uiteindelik met Khrushchev saamgestem om missiele in Kuba te ontplooi
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

- Om die VSA/wêreld bewus te maak daarvan dat Kuba in 'n alliansie/verhouding was met die Sowjetunie
- Om te toon dat Kuba nie langer kwesbaar sou wees vir 'n aanval deur die VSA nie
- Om Kuba se soewereiniteit en onafhanklikheid te toon
- Die Sowjetunie het onder die internasionale wet alle reg gehad om die missiele te stuur
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*

- Toon bewyse dat Sowjetmissiele na Kuba ontplooi is, bv. die missielskuiltent
- Bewyse dat die missielterrein weggesteek / verskuil was (missielterrein is omring deur digte plantegroei
- Die foto toon dat Kuba homself bewapen/militariseer om Amerikaanse aggressie teen te werk (missiellanseerder)
- Die foto toon die ontplooiing van Sowjet militêre toerusting (oksideertenk-sleepwaens) na Kuba
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.2 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van die bewyse in Bron 1B – V3]*
**Leerlinge MOET 'n standpunt inneem oor die bruikbaarheid van die bron om punte te verdien**

**Die bron is BRUIKBAAR tot 'n groot mate omdat:**
- Dit 'n oorspronklike bron is, 'n foto wat op 14 Oktober 1962 geneem is
- Dit relevant is en dit die toerusting toon wat deur die Sowjetunie na Kuba ontplooi is
- Die bron ooreenkom met baie ander bronne oor die ontplooiing van missiele na Kuba
- Dit inligting verskaf oor die soort missiele wat deur die Sowjetunie geïnstalleer is
- Dit die missielterrein toon wat 'n bedreiging geword het vir die veiligheid van die VSA
- Enige ander relevante antwoord

**Die bron is BRUIKBAAR tot 'n mindere mate omdat:**
- Die CIA subjektief kon wees in die identifisering van wat hulle beskou het as 'n bedreiging soos getoon in die foto
- Die foto dien as 'n propaganda werktuig vir die VSA
- Die foto kon gemanipuleer gewees het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Die verdediging van die Verenigde State van Amerika (ons eie veiligheid)
- Die verdediging van die hele Westerse hemisfeer (2 x 1) (2)

1.3.2 *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 1C – V1]*
- 'n Streng kwarantyn is deur die VSA ingestel om alle offensiewe militêre toerusting wat na Kuba verskeep word, te verhoed/ Die VSA het probeer om die verskeping van missiele na Kuba te stop
- Deur fisies die Sowjetskepe te keer wat missiele na Kuba vervoer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'n Streng kwarantyn (blokkade) op alle offensiewe militêre toerusting word onderneem
- Toenemende streng bewaking oor Kuba en sy militêre opbou te behou
- Ek het die opdrag gegee dat die Gewapende magte ... vrag gevind word
- Om enige kernmissiel wat vanaf Kuba teen enige nasie in die Westerse hemisfeer gelanseer word te beskou as 'n aanval deur die Sowjetunie op die Verenigde State
- Afbreking en onttrekking van alle offensiewe wapens in Kuba
- 'n Beroep op Khrushchev om hierdie ongeoorloofde ... oplossings deel te neem

(enige 2 x 1) (2)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*
- Om Amerikaanse burgers in te lig oor die ontplooiing van Sowjetmissiele na Kuba
- Om VS burgers te verseker dat Kennedy en sy administrasie in beheer was

- Om Amerikaanse burgers in te lig oor die stappe wat hy beplan het om teen die Sowjetunie te neem (indien leerlinge voorbeelde gebruik moet hulle gekrediteer word)
- Om die ondersteuning van die VS regering in sy ideologiese oorlog teen die Sowjetunie te verkry
- Om die Sowjetunie te dreig om hulle wapens uit Kuba te onttrek
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1B en 1C –V3]*

- Bron 1B toon die ontplooiing van Sowjetmissiele na Kuba en in Bron 1C verwys Kennedy na die ontplooiing van missiele as 'n bedreiging vir die veiligheid van die VSA en die hele Westelike hemisfeer
- Bron 1B toon die opbou van offensiewe militêre toerusting op die drumpel van die VSA (Kuba) en in Bron 1C reageer Kennedy deur 'n kwarantyn (blokkade) op offensiewe militêre toerusting na Kuba af te dwing
- Die militêre toerusting in Bron 1B was binne die bereik van Amerikaanse stede en in Bron 1C het Kennedy gereageer deur die VS gewapende magte in te roep om gereed te wees vir enige gebeurlikheid
- Beide bronne 1B en 1C toon dat die missiele versteek was/ in die geheim ontplooi is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5

1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Om hulle (Kuba) se verdedigingspotensiaal te versterk
- Om Kuba toe te laat om vreedsaam te lewe
- Om te ontwikkel volgens sy mense se begeerte (2 x 1) (2)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*

- Om die VSA uit te daag ooreenkomstig die VS missiele in Turkye/Italië
- Om 'n afskrikmiddel te voorsien vir 'n potensiële VS aanval teen Kuba
- Om sy (USSR) sterkte en mag aan die VSA en die res van die wêreld te toon
- Om kommunisme in Kuba/Latyns Amerika te versprei/versterk
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – L1]*

- Om die integriteit van die grense te respekteer
- Om die soewereiniteit van Turkye te respekteer
- Om nie in te meng in Turkye se huishoudelike sake nie
- Om nie Turkye in te val nie
- Om nie sy gebied beskikbaar te maak as 'n place d'armes (militêre basis) vir so 'n inval nie
- Om diegene wat daaraan dink om aggressie teen Turkye vanuit Sowjetgebied te loods, te weerhou (enige 2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou 

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die Sowjetunie se betrokkenheid in Kuba (Bron 1A)
- Die VSA stig EXCOMM wat verskillende opsies bespreek met betrekking tot die ontplooiing van missiele na Kuba (eie kennis)
- Vergaderings is gehou tussen Kennedy en Gromyko (eie kennis)
- Die 14 Oktober 1962 foto's dui die installasie van Sowjetmissiel-terreine in Kuba aan (Bron 1B)
- Ontplooiing van missiele lei tot suspisie en bewaking deur die VSA (Bron 1B)
- Kennedy kondig 'n blokkade aan en verdere stappe wat geneem sal word teen die Sowjetunie (Bron 1C)
- Die VS gewapende magte was gereed vir enige gebeurlikheid (Bron 1C)
- Kennedy beskuldig die Sowjetunie daarvan dat hulle wêreldvrede bedreig (Bron 1C)
- Khrushchev het Kennedy geantwoord en die gevaar van die VS missiele wat in Turkye geplaas is, aangedui (Bron 1D)
- Beide Kennedy en Khrushchev het via briewe gekommunikeer (Bron 1D/eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die ontplooiing van Sowjetmissiele in Kuba die Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie verhoog het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die ontplooiing van Sowjetmissiele in Kuba die Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie verhoog het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die ontplooiing van Sowjetmissiele in Kuba die Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie verhoog het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM HET KUBA IN 1975 BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

2.1

2.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 2A – V1]*

- Leiers van nasionalistiese/ vryheidsbewegings in Angola wat saamwerk om 'n regering te vorm
- Die Alvor Ooreenkoms lei tot magsdeling onder die leiers van die drie nasionalistiese bewegings (MPLA, UNITA en FNLA)/ toonaangewende politieke rolspelers totdat veelparty verkiesings in November 1975 gehou word
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Die Alvor Ooreenkoms is sterk onderskryf deur ander Afrika-lande deur middel van die OAE (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*

- Die MPLA, UNITA en die FNLA het die ondersteuning van die buiteland wat hulle stryd om onafhanklikheid ondersteun het, versoek
- Angola was strategies belangrik en ryk aan minerale – beide kante in die Koue Oorlog wou Angola in hulle invloedsfeer hê
- Die MPLA is ondersteun deur Kuba en die Sowjetunie (Kommunisme)
- UNITA is ondersteun deur Suid-Afrika en die VSA (Kapitalisme)
- Die burgeroorlog tussen die MPLA en UNITA het 'n ideologiese konflik tussen kapitalisme en kommunisme geword
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Die gegewe situasie op grond van ons beweging en ons land
- Die verkenningsreis van die amptelike Kubaanse afvaardiging (enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Om 'n militêre skool vir kaders op te rig
- Om 'n maatskappy vir sekuriteitspersoneel te stig
- 'n Skip om oorlogsmateriaal vanaf Dar es Salaam te vervoer
- Wapens
- Vervoermiddels (enige 2 x 1) (2)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Kommunisme/Sosialisme (1 x 2) (2)

2.2.4 *[Evalueer die bruikbaarheid van die bewyse in Bron 2B – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit eerstehandse inligting (brief) van die leier van die MPLA (Neto) aan Kuba (Castro)
- Die brief wat militêre bystand versoek het, is op 26 Januarie 1976 afgelewer minder as twee weke nadat die MPLA tot magsdeling ingestem het by Alvor
- Die inligting in die brief kom ooreen met ander bronne
- Die inligting is relevant tot die navorsing oor Kuba se betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog
- Die inligting gee meer insig oor die spesifieke versoeke deur Castro vir militêre bystand
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3
2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'n Bataljon gewone troepe
- Anti-tenkwapens (2 x 1) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Om die Angolese patriotte te help om die Suid-Afrikaanse inval te stuit (1 x 2) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Castro het geargumenteer dat Kuba alleen die verantwoordelikheid moes dra vir hulle betrokkenheid in Angola, hulle het nie bevele van die Sowjetunie gevolg nie
- Castro het geargumenteer dat die Sowjetunie saam met die Kubane gewerk het om die MPLA in Angola te ondersteun
- Castro beskou die verhouding tussen die Sowjetunie en Kuba rakende die MPLA as gebaseer op gelyke verhoudings wat 'buitengewoon respekvol' was
- Alleenlik die Kubaanse Kommuniste Party kon die besluit neem om troepe te stuur om die MPLA in Angola te ondersteun
- Castro het dieselfde ideologie (kommunisme) met die MPLA en die Sowjetunie gedeel
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Die VSA (Ford en Kissinger) het die leuen verkondig dat Kuba slegs in Angola betrokke geraak het op bevele van die Sowjetunie
- Hulle wou nie aanvaar dat Kuba op sy eie opgetree het nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4
2.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*
- Angola is beheer deur buitelandse magte; beide Kuba en die USSR word getoon asof hulle Angola 'opwen' asof hulle 'n horlosiespeelding is wat nie onafhanklik kan optree nie
- Die spotprent gee te kenne dat Kuba Angola beheer, maar Kuba word beheer deur die USSR; Kuba is ook 'n opwen-speelding sonder die vermoë om onafhanklik op te tree

- Die Sowjetunie versprei kommunisme deur Kuba na Angola (die sleutel wat die USSR gebruik om Kuba 'op te wen' word uitgebeeld as 'n hamer en sekel, 'n simbool van kommunisme)
- Die Sowjetunie het meer mag as Kuba en Angola (aangedui deur die relatiewe grootte van die figure wat in die spotprent getoon word)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*
- Die hamer en sekel is die simbool van kommunisme
- Die hamer en sekel is die simbool van werkers en boere
- Die USSR was verantwoordelik vir die verspreiding van die kommunistiese ideologie na Kuba en indirek na Angola
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2C en 2D – V3]*
- Bron 2C is ŉ kommunistiese siening van Castro se bystand aan die MPLA in Angola terwyl Bron 2B ŉ Amerikaanse siening was van die Sowjetunie se betrokkenheid in Kuba en Angola
- In Bron 2C het Castro beweer dat Kuba se betrokkenheid in Angola alleenlik hulle besluit was; terwyl in Bron 2D gee die spotprenttekenaar te kenne dat Kuba onder Sowjetbeheer optree
- In Bron 2C beweer Castro dat die Sowjetunie direk ondersteuning na Angola gestuur het; terwyl in Bron 2D die spotprenttekenaar te kenne gee dat die USSR Kuba gebruik as 'n tussenganger ('n 'middelman') eerder as om direk ondersteuning te stuur
- In Bron 2C sê Castro dat die USSR 'buitengewoon respekvol' is in sy verhouding met Kuba terwyl in Bron 2D die spotprenttekenaar die indruk gee dat Kubaanse onafhanklikheid of sieninge nie in ag geneem is nie, hulle is 'n 'marionet' of 'n 'speelding' van die USSR se kommunistiese ideologie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Suid-Afrika het Angola ingeval so Kuba het die MPLA verdedig (Bron 2A en 2C)
- Die burgeroorlog in Angola het uitgedraai as 'n Koue Oorlog-stryd en Kuba het hom verbind om die MPLA te verdedig teen 'n aanval deur die Weste (Bron 2A)
- Neto (MPLA) het Kuba vir spesifieke bystand gevra, bv. militêre skool, 'n skip om oorlogsmateriaal te vervoer, wapens (Bron 2B en 2C)
- Neto (MPLA) het hom in die 1970's verbind tot die stigting van 'n onafhanklike, demokratiese en kommunistiese Angola, Kuba het hierdie ideologie gedeel (Bron 2B)
- Kuba het hom verbind om Angola in hulle onafhanklikheidstryd van kolonialisme te ondersteun (Bron 2C)
- Die VSA beweer dat Kuba in Angola betrokke was as gevolg van die USSR (Bron 2C en 2D)
- Kuba was onder die beheer van die Sowjet kommunistiese ideologie (Bron 2D)
- Kuba het hom verbind om teen imperiale magte te veg (eie kennis)
- Kuba en Angola het historiese bande gehad as gevolg van slawerny (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor waarom Kuba betrokke geraak het in die Angolese burgeroorlog in 1975.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor waarom Kuba betrokke geraak het in die Angolese burgeroorlog in 1975.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe waarom Kuba betrokke geraak het in die Angolese burgeroorlog in 1975.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE SWARTMAGBEWEGING IN DIE 1960's SWART AMERIKANERS GEMOBILISEER?**

3.1

3.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 3A – V1]*

- 'n Idee wat wou hê dat swart Amerikaners moes saamwerk en 'n gemeenskapsprogram stig om sosio-ekonomiese toestande te verbeter
- 'n Filosofie wat in die 1960's in die VSA uit die Burgerregtebeweging gegroei het wat swarttrots bevorder het
- 'n Filosofie wat maatskaplike gelykheid bevorder het deur die stigting van politieke en kulturele inrigtings onder swart Amerikaners
- 'n Uitroep aan alle swart Amerikaners om hulle kultuur, identiteit, selfstandigheid en selfverdediging te bevorder
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Om 'n beroep te doen op swart Amerikaners in hierdie land om te verenig
- Om uit 'n magsposisie te onderhandel
- Om die totale mag van die samelewing te deel
- Om swart Amerikaanse erfenis te erken
- Om 'n sin vir gemeenskap te bou
- Vir swart Amerikaners om hulle eie doelwitte te definieer
- Vir swart Amerikaners om hulle eie organisasies te lei en daardie organisasies te ondersteun (enige 2 x 1) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Daar was geen nasionale organisasie wat kon spreek tot die groeiende militantheid van jong swart mense nie
- Die Burgerregtebeweging se stemtoon is aangepas tot die middelklas wittes
- Dit het gedien as 'n soort buffersone tussen die gehoor en kwaai, jong swart Amerikaners
- Hulle het beweer dat hulle ten behoewe van die gemeenskap praat, maar dit het nie in die stemtoon van die gemeenskap gepraat nie
- Geen van daardie sogenaamde leiers kon in 'n opstandige gemeenskap ingaan en na geluister word nie (enige 2 x 1) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*

- Integrasie was 'n teken van verandering wat deur die VS Federale regering aangebied is
- Integrasie sou veral tot voordeel van swart gematigdes wat in die minderheid was, wees
- Daar is van swart Amerikaners verwag om by 'n wit Amerikaanse leefstyl aan te pas/ te assimileer
- Volgens die swartmagfilosofie is swart Amerikaners nie as gelykes met wit Amerikaners beskou nie
- Wit Amerikaners was steeds in 'n superieure posisie/ swart mense is beskou as minderwaardig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Politieke onderdrukking
- Ekonomiese uitbuiting
- Sosiale vernedering (3 x 1) (3)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- Die VS regering het demokrasie aan die hele wêreld verkondig, maar het nie daarin geslaag om dit in sy eie land toe te pas nie (Swart Amerikaners het steeds struikelblokke ervaar in onderwys, registrasie om te stem, werkreservering)
- Die Federale regering het nie daarin geslaag om die grondwet van die VSA af te dwing nie (bv. stemreg, swak lewensomstandighede, maatskaplike ongelykheid)
- Swart Amerikaners se regte is nie in geregshowe beskerm nie
- Swart Amerikaners is nog steeds polisiebrutaliteit ondervind
- Diskriminasie (maatskaplik, ekonomies en polities) teenoor swart Amerikaners is steeds kragtig toegepas in die meeste Amerikaanse state (bv.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- Die Swartmagfilosofie het verwag dat swart Amerikaners moes begin om dinge op hul eie te begin doen
- Om swart Amerikaners te wys wat hulle kan bereik as hulle verenig was
- Hulle het swart Amerikaners gehelp om nie op gematigde wittes vir hulp staat te maak nie
- Hulle het swart Amerikaners gehelp om die beginsel van selfstandigheid te aanvaar
- Hulle het swart Amerikaners gehelp om eenheid en trots ondermekaar te bevorder
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Evalueer die bruikbaarheid van die bewyse in Bron 3B – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit eerstehandse inligting (toespraak) deur Malcolm X, leier van die Swartmagbeweging verskaf
- Dit lig toe hoe swart Amerikaners gemobiliseer is om vir hulself te veg
- Die toespraak is in 1964 gelewer toe die Swartmagbeweging aan die groei was
- Die inligting in die toespraak kom ooreen met ander bronne
- Dit gee insig in die filosofie van die Swartmagbeweging
- Dit lig die uitdagings toe wat swart Amerikaners in die gesig moes staar
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
- Dit toon die sukses van die Black Panther-party se Gemeenskapsprogramme (bv. swart Amerikaanse vroue wat gratis kospakkies ontvang)
- Dit toon die filosofie van selfstandigheid wat deur die Black Panther-party voorgestaan is
- Dit toon swart Amerikaners wat saamwerk om hulle onderskeie gemeenskappe op te hef

- Dit toon dat die Black Panther-party sy eie koerant gehad het om swart Amerikaners bewus te maak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
- Die koerant het die Swartmagfilosofie versprei
- Dit het helderheid aan swart Amerikaners verskaf oor hulle regte
- Dit het meer toegang tot inligting vir arm swart Amerikaanse families verskaf
- Dit verskaf inligting oor aktiwiteite/ programme van die Black Panther-party en die Swartmagbeweging oor die algemeen
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3A en 3C - V3]*
- In Bron 3A doen Stokely Carmichael 'n beroep op swart Amerikaners om 'n sin van gemeenskap op te bou en in Bron 3C swart Amerikaanse vrouens gesien word wat voordeel trek uit gemeenskapsprogramme
- Bron 3A staaf dat swart Amerikaners hulle eie organisasies moet lei en Bron 3C toon een van die programme van die Black Panther-party, 'n swart aangevoerde gemeenskapsorganisasie
- Beide Bron 3A en 3B bevorder die doelwitte en idees van Swartmag
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5
3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Onderdruk die politieke moontlikheid wat die Black Panther-party verteenwoordig het
- Verkleineer die Black Panther-party
- Federale agente het probeer om partykonflik te skep
- Val die Black Panther-party aan as vyande van die staat
- FBI bevorder gewelddadige konflik tussen die Black Panther- leiers
- Voorkom swart nasionalistiese groepe en leiers om eerbiedwaardigheid te verkry deur hulle te diskrediteer (enige 1 x 2) (2)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D – V2]*
- Wou die invloed van die Black Panther-party verminder
- Wou die Black Panther-party verhoed om ondersteuning te kry van gematigde swart en wit Amerikaners
- Wou die verspreiding van die Black Panther-party se revolusionêre idees verminder
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Vervalste dokumente
- Betaal lokvinke
- Het hulle van plofstof voorsien
- Moedig lede aan om openbare geboue op te blaas
- Bevorder boendoehowe
- Moedig Panther-lede aan om verdagte informante te martel (enige 1 x 1) (1)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die Swartmagbeweging doen 'n beroep op swart Amerikaners om te verenig (Bron 3A)
- Die Swartmagbeweging het swart Amerikaners geïnspireer om nie teen gediskrimineer te word nie (Bron 3A)
- Die Swartmagbeweging beïnvloed swart Amerikaners om hulle erfenis te erken, om hulle eie doelwitte te stel en om eie organisasies te lei (Bron 3A)
- Leiers van die Swartmagbeweging het die tekortkominge van die Burgerregtebeweging aan die kaak gestel wat gelei het daartoe dat jong swart Amerikaners by die Black Panther-party aangesluit het (Bron 3A)
- Die Swartmagbeweging het swart Amerikaners aangemoedig om teen politieke onderdrukking, ekonomiese uitbuiting en sosiale vernedering op te staan (Bron 3B)
- Die Swartmagbeweging het swart Amerikaners aangemoedig om militant te wees (Bron 3B)
- Die Swartmagbeweging moedig swart Amerikaners aan om hulle eie gevegte te veg (eie kennis)
- Die Black Panther-party stig verskillende programme om swart Amerikaanse gemeenskappe op te hef (Bron 3C)
- Die Black Panther-party publiseer gemeenskap gebaseerde koerante om swart Amerikaanse gemeenskappe op hoogte te hou van hulle regte of sake wat hulle affekteer (Bron 3C)
- Black Panther-leiers het hulle lede gewaarsku oor die moontlike infiltrasie van die FBI (Bron 3D)
- Die Black Panther-party stig regskantore en verskaf regsadvies aan swart Amerikaners (eie kennis)
- Die Black Panthers het die polisie gemonitor om te verseker dat hulle nie hulle mag misbruik nie (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die Swartmagbeweging swart Amerikaners in die 1960's gemobiliseer het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die Swartmagbeweging swart Amerikaners in die 1960's gemobiliseer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die Swartmagbeweging swart Amerikaners in die 1960's gemobiliseer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

SINOPSIS

Daar word van kandidate verwag om te verduidelik of Mao Zedong se beleide van die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Revolusie 'n klaaglike mislukking was al dan nie. Hulle kan verwys na Mao Zedong se beleid tussen 1958 en 1969.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- **Inleiding:** Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling nie. Hulle moet uitlig of Mao Zedong se beleide van die Groot Sprong Vorentoe en Kulturele Revolusie 'n klaaglike mislukking was al dan nie en aandui hoe hulle hul argument gaan ondersteun.

UITBREIDING

**Indien kandidate saamstem met die stelling kan hulle die volgende punte in hulle antwoord insluit:**

- Mao se opkoms, die eerste vyfjaarplan en honderd blomme veldtog (agtergrond)
- Mao se beleide het die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Revolusie ingesluit in 'n poging om kommunisme te verskans

**Die Groot Sprong Vorentoe:**
- Mao Zedong se Tweede Vyfjaarplan wat in 1958 begin het
- Dit het ten doel gehad om China te industrialiseer om kapitalistiese lande verby te steek; landbouproduksie te verbeter om gelyk te wees met Westerse lande
- Beëindig privatisering
- Plattelandse koöperasies is geamalgameer in 'mense kommunes' (kollektivisering)
- Geweldadige amalgamasie van boere in 'mense kommunes'
- Gebruik propaganda om produksie te bevorder

**Hoe die Chinese reageer het op die Groot Sprong Vorentoe:**
- Swak beplanning; swak ondersteuning aan kleinboere; korrupte plaaslike amptenare; hoë belasting op plaasprodukte; agterplaas industrieë wat minderwaardige goedere produseer; industrieë stort ineen
- Om China te industrialiseer het afgehang van kleinboere eerder as masjinerie
- Dit het kleinboere aangemoedig om agterplaas industrieë op te rig (industrialisering op die platteland)
- Dit het hongersnood tot gevolg gehad wat gelei het tot die sterftes van miljoene mense
- Die ekonomie het ineengestort
- Die Groot Sprong Vorentoe, ook na verwys as die 'Drie Bitter Jare'/ 'Groot Sprong Agteruit', het binne 3 jaar misluk
- Mao Zedong is gedwing om weer terug te keer na 'n mate van kapitalisme

- Dit het tot gevolg gehad dat die Groot Sprong Vorentoe klaaglik misluk het

- Mao het uiteindelik erken dat foute begaan is en het bedank as President van China, maar het sy pos behou as voorsitter van die Chinese Kommuniste Party
- In 1962 het hy die verantwoordelikheid van die ekonomie aan President Liu Shaoqi en CKP generaal sekretaris Deng Xiaoping oorhandig en uit die politiek getree

**Die Kulturele Revolusie:**

- Die **intensies van China se Kommuniste party** (praktiese beleide om die ekonomie te verbeter; outoritêre regeringsvorm; kleinboere sonder grond te bemagtig; grondhervormingsprosesse; nasionalisering van swaar nywerhede)
- **Klaslose gemeenskap** (fokus daarop om omstandighede te verbeter van kleinboere en werkers; het alle Chinese opgelei om saam te werk vir 'n beter China)
- Hy het die Kulturele Revolusie in 1966 geloods om sy mag wat hy verloor het as gevolg van die Groot Sprong Vorentoe te herstel
- Hy het die **Rooi Wagte (Red Guards)** ingestel wat: die idees bestudeer en versprei het in die Klein Rooi Boekie; kleinboere opgevoed het in die beginsels van Kommunisme; lees en skryf geleer het; suiwering (opponente van Kommunisme & gematigdes is geëlimineer (uitgewis) en miljoene opponente van Kommunisme is doodgemaak) ingestel het; teenkommuniste kuns en boeke vernietig het
- Die rol van die Rooi Wagte (Veldtog om die **'Vier Oues' (Four Olds)** aan te val: verandering van ou idees, tradisionele kultuur, gebruike en gewoontes)
- Reuse betogings is in die Tiananmen Square Beijing, gehou en oral is plakkate en prente van Mao opgesit
- Die **Klein Rooi Boekie (Little Red Book)** (het Mao se filosofieë oor Kommunisme bevat; daar is van alle burgers verwag om die beginsels van Kommunisme te memoriseer; 'n Bron van Kommunistiese propaganda in China)
- **Eliminasie (Uitwissing) van amptenare**: Deng Xiaoping en Liu Shaoqi is uit die regering verwyder; het ontslae geraak van professionele (ingenieurs, wetenskaplikes, onderwysers ens.)
- Sluiting van skole, kolleges en universiteite (omdat hulle krities, liberaal en elitisties is)
- Nywerhede het swaargekry en produksie het teen 1968 opgehou
- Enige ander relevante antwoord

- **Slot:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**Indien kandidate aandui dat hulle nie saamstem nie, moet hulle hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun. [50]**

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

SINOPSIS

Kandidate moet in hierdie opstel toon hoe beide Mobutu Sese Seko in die Kongo en Julius Nyerere in Tanzanië ekonomiese, maatskaplike en kulturele ontwikkeling bevorder het nadat hulle lande onafhanklikheid verkry het van koloniale regering. Kandidate moet hul antwoord ondersteun met verwysing na ekonomiese, maatskaplike en kulturele beleid.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- **Inleiding:** Kandidate moet hierdie vraag in konteks plaas deur te noem dat die ekonomieë van die Kongo en Tanzanië onderontwikkeld was ten tye van onafhanklikheidswording. Daarby gevoeg het kolonialisme Afrika-kultuur en maatskaplike strukture ondermyn en devalueer. Leiers van die Kongo en Tanzanië het albei na dekolonisasie ekonomiese, maatskaplike en kulturele ontwikkeling in hulle lande bevorder.

UITBREIDING

**EKONOMIES**

- Die Kongo en Tanzanië het enkel-produkte van hulle onderskeie koloniseerder oorgeërf; Die Kongo het 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel aanvaar; terwyl Tanzanië 'n sosialistiese ekonomiese model aanvaar het. Beide het gesukkel om hulle ekonomieë te ontwikkel
- Met onafhanklikheidswording het die Kongo en Tanzanië 'n tekort gehad aan 'n lewendige vervaardigingsnywerheid
- Die Kongo het daarna gestreef om die ekonomie te industrialiseer en 'n vervaardigingsbasis (grootliks gefaal) te ontwikkel; terwyl Tanzanië sy landboubasis uitgebou het, villagisation beleid en Ujamaa (het opposisie van onafhanklike Afrika-boere in die gesig gestaar)
- Die Kongo het van die vroeë 1960's swaar gesteun op buitelandse hulp en kundigheid; terwyl Tanzanië gepoog het om selfonderhoudend te wees en neo-kolonialisme verwerp het
- Beide lande het afhanklik gebly van die uitvoer van landbouprodukte en minerale
- Mobutu en Nyerere het die grond en nywerhede genasionaliseer om rykdom eweredig te versprei
- Nog die Kongo nog Tanzanië het oliereserwes gehad en daarom het albei ekonomiese krisisse beleef toe die oliepryse in die 1970's gestyg het
- Beide Mobutu (1970s) en Nyerere (1980s) het besluit om sektore van die ekonomie te privatiseer as gevolg van 'n ekonomiese krisis
- Beide lande het lenings van die buiteland en buitelandse organisasies aanvaar; vanaf die 1960's het die Kongo finansiële hulp van die kapitalistiese Weste aanvaar; terwyl Tanzanië vanaf die 1980's gedwing was om Wêreldbank-lenings te aanvaar en onderwerp was aan strukturele ontwikkelingsbeleid
- Die Kongo se ekonomie is gekarakteriseer deur elitisme en nepotisme; terwyl Tanzanië korrupsie van regeringsamptenare verminder het deur 'n 'Leierskap-kode'
- Die ekonomie van die Kongo het reuse verskille in rykdom tussen ryk en arm geproduseer; terwyl Tanzanië gepoog het om ekonomiese ongelykheid te verminder

**MAATSKAPLIK EN KULTUREEL**
**Onderwys en taal**

- Koloniale onderwys het Eurosentriese waardes bevorder
- Onder kolonialisme het min Afrika-kinders meer as primêre onderrig ontvang. Die Kongo en Tanzanië het 'n paar gekwalifiseerde tegnici en ingenieurs gehad
- Kinders het Europese geskiedenis en tale geleer en Westerse kennis is bevoordeel bo Afrika-kennis

**Onderwys in Tanzanië**

- Nyerere het die gebruik van Swahili ('n algemene taal wat deur meeste Tanzaniërs gepraat word) bo Engels bevorder
- Tussen 1961 en 1981 het ongeletterdheid in Tanzanië geval van 80% na 20%. Min bronne is aan tersiêre onderrig gegee. Laerskool inskrywings het toegeneem
- Strukturele aanpassing in die 1980's het drastiese afsnyding van maatskaplike uitgawes veroorsaak wat tekorte van handboeke, banke en onderwysers tot die gevolg gehad het
- Nyerere (Tanzanië) skryf 'n pamflet 'Onderwys vir selfstandigheid' (1967) – hy brei laerskoolonderrig op die platteland uit en fokus op basiese geletterdheid

**Onderwys in die Kongo**

- Met onafhanklikheidswording was daar 14 universiteitsgegradueerdes in die Kongo en daarom is die hoëronderwys-sisteem uitgebrei
- Tussen 1960-1974 het primêre onderrig in die Kongo gestyg van 1.6 miljoen tot 4.6 miljoen
- Frans het die onderrigtaal in die Kongo gebly

**Afrikanisasie**

- In **Tanzanië:** Villagisation – Nyerere, bevorder 'tradisionele' gemeenskapswaardes deur Ujamaa ('familieskap') dorpies; Tanzaniërs is aangemoedig om op landbou en tradisionele waardes te fokus en om selfstandig te word. Tanzaniërs het die eerder in kommunes die grond bewerk as om kontantgewasse vir uitvoer te produseer
- In die **Kongo:** Zairianisasie: Mobutu het Afrika-gelowe en kultuur bevorder deur middel van sy beleid van *authenticité.*
- Mobutu het die mense aangemoedig om Afrika-klere te dra, om Afrika-musiek te speel en te luister en om Afrika-kos te eet
- Mobutu het baie dorpe en stede se name in die Kongo met Afrika name hernoem (bv. Leopoldville het Kinshasa geword

**KLEREDRAG**

- Mobutu en Nyerere het Kwame Nkrumah en Maoïstiese kleredrag aanvaar

**KUNS**

- Bevorder Afrika-kuns en letterkunde asook handwerk

- Enige ander relevante antwoord

- **Slot:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik tot watter mate die verskillende protes-vorme wat deur burgerregte-aktiviste in die Verenigde State van Amerika in die 1960's gelei is, suksesvol was in die versekering dat alle Amerikaners ongeag ras gelyk behandel word. Kandidate moet voorbeelde kies van massa-gebaseerde, nie-gewelddadige protes wat die Burgerregtebeweging onderneem het soos die Montgomery Bus-boikot, sit-betogings, massa betogings en optogte tot die uitvaardiging van die Wet op Burgerregte in 1964 en die Wet op Stemreg in 1965.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- **Inleiding:** Kandidate moet 'n standpunt inneem en verduidelik tot watter mate verskillende protes-vorme deur burgerregte-aktiviste suksesvol was in die versekering dat alle Amerikaners ongeag ras gelyk behandel sou word in die Verenigde State van Amerika.

UITBREIDING

**Kandidate kan tot 'n groot mate saamstem:**

- Agtergrond – segregasie en diskriminasie in die Verenigde State van Amerika
- Agtergrond - **Montgomery Bus-boikot (1955)** – (Protesaksie deur Rosa Parks het massa-boikotte van stedelike busstelsels tot gevolg gehad; Martin Luther King Jnr. Het prominent geraak en het gevra vir nie-gewelddadige massa-protes – die busse is gedesgregeer teen die einde van 1955, Federale hof het segregasie op publieke vervoer as onkonstitusioneel verklaar
- **Sit-betogings (vanaf 1960)** – (Greensboro, Noord-Carolina, vier studente hou 'n 'sitbetoging' by 'n 'slegs-blanke' middagete toonbank; (In die somer van 1961 is besighede in Greensboro gedesegregeer); Sitbetogings het reg oor die segregeerde Suide versprei; Swart en wit studente stig die Student non-violent Coordinating Committee om die Burgerregtebeweging te ondersteun; Die konsep van 'sitbetoging' het oor gesegregeerde fasiliteite versprei soos 'pray-ins' (gebedsbetogings), 'read-ins' (leesbetogings), 'wade-ins' (stapbetogings) – ses middagete toonbanke in Nashville het hulle beleid verander en hulle toonbanke gedesegregeer
- **'Vryheidsryers' (nierassig/nie-gewelddadig)** – ('sitbetoging' in busse en het gereis van die Noorde tot diep in die Suide om nuwe federale wette te toets wat segregasie op die nasionale busstelsel verhoed en aangeval word deur bendes, gebombardeer word, in die tronk gegooi word en nie deur die plaaslike polisie beskerm word nie – duisende het vrywillig aangesluit en President Kennedy is gedwing om federale maarskalks te forseer om die Vryheidsryers te beskerm; Taai nuwe wetgewing wat deur federale bevel op 1 November 1961 ingestel is, het amptelik alle nasionale openbare fasiliteite gedesegregeer

- **Betogings en optogte:**
- Birmingham 1963: (Massa-betogings, insluitend 'n kinder-optog het met gewelddadige en wrede reaksie van die polisie gebots (waterkanonne, honde, ens. Alles gebruik om nie-gewelddadige protesteerders te terroriseer) President Kennedy het op TV gesê dat 'rasse segregasie' 'n 'morele aangeleentheid' was en 'geen plek in Amerikaanse lewe het nie'. Op 10 May 1963 het die stad se besighede en munisipaliteit aangekondig dat munisipale fasiliteite gedesegregeer sou word. Aanvalle en moorde op swart Amerikaners in die stad het voortgeduur (Medgar Evans, Bombardement van die 16de Straat Baptiste kerk)
- Optog na Washington 1963: (250 000 mense het deelgeneem in 'n nierassige, nie-gewelddadige optog na Washington om volle gelykheid en werksgeleenthede te eis; Martin Luther King Jnr. Gee sy 'I have a dream (Ek het 'n droom) toespraak').
- Selma-Montgomery optogte (Maart 1965): (Om te eis dat swart Amerikaners toegelaat sou word om te registreer om te stem (slegs 2.5% swart mense was geregistreerde kiesers as gevolg van intimidasie en rassistiese aanvalle) – na drie pogings, brutale polisie aanvalle op nie-gewelddadige betogers (Bloedige Sondag) en massa ondersteuning van regoor die land het hulle Montgomery bereik. Druk is geplaas op President Johnson om die 1965 Wet op Stemreg uit te vaardig)
- **Vryheid-somer (Freedom Summer) (1964) –** (Duisende aktiviste en vrywilligers (meer as 70 000 studente – baie van die noordelike state, plaaslike SNCC, CORE en NAACP aktiviste) het gewerk om swart Amerikaners in Mississippi te registreer en hulle in Vryheids-skole te leer (letterkunde, geskiedenis); Aktiviste en vrywilligers het te doen gekry met geweld van wit segregasioniste bendes en polisiebeamptes; **1964 (2 Julie) Burgerregtewet** is uitgevaardig – belet diskriminasie en segregasie in werksomstandighede en alle openbare fasiliteite
- **1965 (6 Augustus) Wet op Stemreg** is uitgevaardig – (het struikelblokke soos geletterdheidstoetse en verkiesingsbelasting vir verkiesings wat daargestel is om te voorkom dat swartmense as kiesers registreer onwettig verklaar; CRM het daarin geslaag om gelykheid te verkry voor die wet
- Enige ander relevante antwoord

- **Slot:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat

**Indien kandidate sou sê dat hulle in 'n mindere mate saamstem, moet hulle hul argument met relevante bewyse ondersteun**

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou